DEEL 116 | WEEK 13 | 28 MAART 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Private beleggers Uniefeesdam se redding?

Vir baie was die Heilbron Uniefeesdam lank 'n plek om by vis te vang, te kampeer, te stap of om met die kinders fiets te ry op 'n sonnige Saterdag. Vir die afgelope 10 jaar het die omgewing en strukture by die dam egter stadig maar seker verval totdat dit bykans onherkenbaar is vir diegene wat dit oor die jare geken het. Inwoners van Heilbron is tans woedend oor die agteruitgang van die dam en die gebrek aan instandhouding, en daar word gevra waarom die noodsaaklike werk nie uitgevoer word nie.

'n Onafhanklike individu, wat liefs anoniem wil bly, het verlede jaar die potensiaal in die dam gesien en aansoek gedoen om die dam privaat te bestuur en herstel. Hierdie persoon se planne strek verder as net 'n oppervlakkige opknapping. Hy beoog om die dam volledig te herstel en te verbeter. Dit sluit in die netjies maak van die terrein, sny van gras, herstel van die die heining om ongewenste toegang te voorkom, en die opknapping van badkamers en die snoepie-area tot hulle volle potensiaal.

Een van die belangrikste aspekte van hierdie projek is die skoonmaak en herstel van die damwater. Met die persoon se bande met Randwater beoog hy om die water behoorlik te toets en te behandel voordat enige vorm van aktiwiteit toegelaat word. Daarna is daar planne om die dreine en riool te hanteer om verdere besoedeling van die dam te voorkom.

Die tweede fase van hierdie projek sluit die herstel van die lapa-area in, sowel as die opening van 'n restaurant. Die persoon beplan om verskeie buite-aktiwiteite vir die gemeenskap aan te bied, insluitend 'n speelarea vir kinders. Verder word daar gedink aan die oprigting van 'n saal vir troues, wat ook 'n bydrae tot die ekonomiese aktiwiteit van die dorp kan lewer.

Dit is voorsien dat hierdie projek, as dit suksesvol uitgevoer word, 'n aansienlike impak op die ekonomie van Heilbron kan hê. Dit sal nie net permanente werksgeleenthede skep vir ongeveer 35 mense nie, maar ook seisoenaal werk bied vir 'n groot aantal mense in die gemeenskap.

Die voorlegging vir hierdie projek is na bewering ongeveer drie jaar terug aan bestuurder van die Local Economic Development (LED) en twee dames wat toerisme verteenwoordig oorhandig. Ondanks die positiewe reaksie van die gemeenskap en die potensiaal van die projek, is daar nog nie 'n duidelike antwoord of ondersteuning van die amptelike kanale nie. Teen druktyd is daar nog geen antwoorde op die vrae nie Die persoon wat agter hierdie inisiatief staan, verduidelik dat daar reeds beleggers betrokke is wat belangstel in die projek se sukses.

Die gemeenskap van Heilbron sien hoopvol uit dat hierdie projek sal realiseer, wat nie net die dam sal laat herleef nie, maar ook nuwe geleenthede en vreugde vir die inwoners sal bring.









# Vegkop Brandvereniging



Met die huidige droogte is winterweiding kosbaar. Daarom doen die Vegkop Brandvereniging 'n beroep op alle boere om betrokke te raak by hul onderskeie Brandverenigings. Vegkop Brandvereninging hou hul jaarlikse vergadering op 10 April 2024 om 14:00 by die Vegkop Feesterrein. Alle lede word versoek om die vergadering by te woon.
Vir meer inligting kan Jeff Roos by 072 698 6560 geskakel word.






Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskaps koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir **Hendie Lötter** by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

*• Heilbron Clinic*

# Patient's Rights Charter

To ensure the realization of the right of access to health care services as guaranteed in the Constitution of the Republic of South Africa (Act No 108 of 1996), the Department of Health is committed to upholding, promoting and protecting this right and therefore proclaims this PATIENTS RIGHTS CHARTER as a common standard for achieving the realization of this right.

**Patients Rights**

1. Healthy and safe environment
2. Participation in decision-making
3. Access to health care

• Receiving timely emergency care at any health care facility that is open regardless of one's ability to pay.

• Treatment and rehabilitation that must be made known to the patient to enable the patients to understand such treatment or rehabilitation and the consequences thereof

• Provision for special needs in the case of newborn infants, children, pregnant women, the aged, disabled persons, patients in pain or persons living with HIV/AIDS.

• Counseling without discrimination, coercion or violence on matters such as cancer or HIV/AIDS.

• Palliative care that is affordable and effective in cases of in curable or terminal illness

• A positive disposition displayed by health care providers that demonstrates courtesy, human dignity, patience, empathy and tolerance.

• Health information that includes the availability of health services and how best to use such services and such information shall be in the language understood by the patient.

4. Knowledge of one's health care insurance/medical aid scheme.
5. Choice of health services.
6. Be treated by a named health care provider
7. Confidentiality and privacy.
8. Informed consent
9. Refusal of treatment
10. Be referred for a second opinion
11. Continuity of care
12. Complaints about health services.

**Responsibilities of the patient**

Every patient or client has the following responsibilities:

1. To take care of his or her health.
2. To take care and protect the environment.
3. To respect the rights of other patients and health care providers.
4. To utilize the health care system properly and not to abuse it.
5. To know his or her local health services and what they offer.
6. To provide health care providers with the relevant and accurate information for diagnostic, treatment, rehabilitation or counseling purposes.
7. To advise the health care providers on his or her wishes with regard to his or her death.
8. To comply with the prescribed rehabilitation procedures.
9. To enquire about the related costs of the treatment and or rehabilitation and to arrange payment.
10. To take care of (his or her) health records in his or her possession.

# Chezenado: Rising Star from Heilbron Wins Best Dance Song at Sauma Awards 2023

Chezenado, the award-winning artist from Heilbron, has made waves in the South African music scene with his infectious beats and captivating performances. Nominated in three categories at the prestigious South African Upcoming Music Awards (Sauma Awards) 2023, including Best Dance Song, Best Amapiano Song, and Best Kwaito Song, Chezenado's talent and creativity have been recognised on a national level.
His hit song "Jwala Bona," featuring KB Wa Bana, emerged victorious in the Best Dance Song category, showcasing Chezenado's prowess in creating energetic and dance-worthy tracks that resonate with audiences across the country.
Despite his success, Chezenado was unable to attend the awards ceremony held at the Johannesburg Theatre in November 2023. However, the anticipation and excitement for his win continue to grow as he prepares to fetch his well-deserved award.
One of Chezenado's achievements is having his song "Jwala Bona," featuring KB Wa Bana, playlisted on Lekoa FM, further solidifying his presence and popularity in the music industry.
Looking ahead, Chezenado has announced the upcoming release of his highly anticipated EP titled "Educated Sghubu," set to debut in April. This EP promises to showcase Chezenado's versatility as an artist and further cement his status as a rising star in the music scene.
With his unique blend of musical styles and unwavering dedication to his craft, Chezenado continues to captivate audiences and earn accolades, paving the way for a bright and promising future in the music industry.




# UIT DIE PEN: Week 13



Ek het in 'n kerk grootgeword waar ons skool gehad het. Sondagskool. Heelweek skool en ook op 'n Sondag. Dit was natuurlik jare gelede. By 'n susterskerk. Dis was daardie jare die norm.
Ons het drie vakke gehad: Bybelgeskiedenis, Kerkgeskiedenis en Geloofsleer. Ons het elke Sondag iets van al drie vakke leer. Die Kerkgeskiedenis was regtig vir my vervelig, ek is in die algemeen nie lief vir geskiedenis nie.
Ons het selfs toetse geskryf. Ook 'n eksamen aan die einde van die jaar. Volgens my beperkte ondervinding het dit vertaal na: as ek nie goed doen in die Sondagskool se eksamen nie, is my geloof nie goed genoeg nie. Daardie dae se Sondagskool was ook nie prakties aangebied nie.
Ek hou niemand verantwoordelik vir 'n onindrukwekkende Sondagskoolloopbaan nie. Daardie dae het ek bloot gedink dat ek maar net hierdeur moes kom. Soos almal vòòr my.
Dit was soms 'n straf om kerk toe te gaan want dit was lank sit. Soms Saterdagaande vir die voorbereidingsdiens, Sondagoggend se nagmaal en Sondagmiddag se danksseggingsdiens. Ek kan die sonlig deur die amberruite onthou. Ek onthou hoe vaak ek geword het en dat ek nie in die middel van die erediens mag toilet toe gegaan het nie. Ook nie aan die slaap geraak het nie. Kiertsregop, al slaap my kop en my lyf.
Ek wonder vandag hoekom daar so baie kerk was maar so min voorbeelde in die kerk?
Ek het eers laat in my hoërskoolloopbaan 'n deel van die Paasfeesbesef gekry, en beter op universiteit begin verstaan. Paasfees was mos oorspronklik net 'n verskoning vir 'n lang naweek. Vir meeste is dit nog steeds so.
By ons Oos-Vrystaatse gemeente het ek een jaar 'n Passiespele geskryf. Ek moes vir weke navorsing doen daaroor. Elke keer het ek iets nuuts raakgelees. Van toe af het my hele Paasfeesbelewenis persoonlik geword.
Ek het nooit van Aswoensdag geweet nie. Soveel gelowe, soveel menings daaroor. Aswoensdag is 40 dae voor Paasfees. Sommige beweer dat die 40 dae na Jesus se 40 dae in die woestyn verwys. Tydens Jesus se intog in Jerusalem is palmblare op die pad gesit as deel van die eerbetoning. Daardie blare is na afloop van Palmsondag verbrand en gehou tot 40 dae voor Paasfees. Vandaar die as van Aswoensdag.
As ek reg onthou, het die Roomskatolieke die as gebruik om 'n kruis op iemand se voorkop te maak. Sò begin "Lent", 'n vastyd. Vir Roomskatolieke is dit die tyd waarin hulle vas van iets wat lekker is. In die fliek Chocolat (met Juliette Binoche) arriveer Vianne (Binoche) en haar dogter in 1959 in 'n klein Franse dorpie. Sy maak 'n sjokoladewinkel oop die dag toe Lent begin. Meeste van die dorpenaars was besig om te vas, en die stadsvaders was vreeslik kwaad omdat sy die mense kom verlei. Gaan kyk dit maar self.
Vir my is Lent 'n herinnering van wat gaan gebeur. Veertig dae daarna begin die Paasweek. Op die Sondag voor Goeie Vrydag is dit Jesus se intog in Jerusalem.
Die Een wat die Verlosser gaan word, het nederig, op 'n donkie, die stad binnegaan. Mense gooi palmblare en klere op die pad en skree: "Hosanna! Geseënd is Hy!"
Die volgende dag, Maandag, stap Jesus na die tempel. Op pad soontoe sien Jesus 'n vyeboom met blare, maar geen vrugte nie. "Vervloek," sê Hy, "omdat jy nie vrugte dra nie. Tot in der ewigheid gaan jy nooit weer vrug dra nie." Nie 'n vriendelike boodskap nie. Jesus gaan die tempel binne en gooi die geldwisselaars se tafels om. Hy was nie vriendelik toe Hy dit gedoen het nie. Dink jou dit in: "Julle maak van my Vader se huis 'n rowersnes!"
Dinsdag preek Hy op die Olyfberg oor die boere en die wingerd, Hy beantwoord die vraag oor die betaal van belasting. Hy praat ook oor die opstanding uit die dood. En to lewer hy 'n kort preek oor die grootste gebod. Hy waarsku, leer en voorspel.
Woensdag salf Maria Magdalena vir Jesus met duur olie. Veral Judas Iskariot, die beursiehouer van die dissipels, was kwaad. Hoe kan sulke duur olie so gemors word? Net daarna gaan verraai hy Jesus vir 'n sak vol geld. Hy sou Jesus aan die Romeinse soldate uitwys.
Donderdagaand kom Jesus en sy dissipels in 'n bokamer saam. Jesus was eers Sy dissipels se voete. 'n Ongekende stap. Daarna eet hulle 'n eenvoudige maaltyd saam. Hy sê dat Hy weet wie Hom gaan verraai en slim Judas maak hom uit die voete.
Daardie aand gaan Hy en Sy dissipels Getsemane toe. Petrus word sò kwaad toe die Romeinse soldate daar aankom dat hy Malgus se oor afkap. Jesus maak weer sy oor gesond. Jesus word in hegtenis geneem en die laaste een van sy dissipels hardloop weg. Hoe verskriklik moes dit wees? Hulle was vir drie jaar byna daagliks aan Jesus se sy.
Jesus word op die Vrydag aan 'n kruis opgehang. Josef van Arimatea kom help om Sy liggaam van die kruis af te haal en in 'n klipgraf te begrawe.
Saterdag is almal nog verslae oor die gebeure. Jesus, die Een wat die Romeinse juk moes kom breek, is dood. Daar is 'n groot rots voor Sy graf. Hy is nie meer daar nie. Totdat die vroue Sondagoggend na Sy graf toe gaan en sien dat Hy nie daar is nie. Hy is nie meer dood nie. Soos met Lasarus: Jesus is lewendig. Hy sê vir die vroue: "Gaan vertel veral vir Petrus dat Ek oopgestaan het." Petrus wat hom verloën het. Simon Petrus, die rots op wie die kerk gebou sou word.
Ek wonder vandag hoekom iemand nooit kleintyd vir my die Paasgebeure sò vertel het nie. Mag ons hierdie verhaal lèèf as teken dat ons glo in Jesus, die opgestane Heer. Vir ongelowiges maak die gebeure glad nie sin nie. Vir gelowiges is dit 'n vreugdefees want die ewige dood is oorwin. Geseënde Paasfees.

# Uniefeesdam: watermonster negatief

Na aanleiding van die bewering van visse wat vrek in die Heilbron Uniefeesdam, het Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum se Heilbron-tak, watermonsters geneem om die toestand van die damwater te toets. Volgens Muller het die toetse vir E. coli negatief teruggekom.

Die situasie rondom die dam se water het ophef veroorsaak en mense was bekommerd oor die moontlikheid van besoedeling en die impak op die omgewing en plaaslike gemeenskap. Muller se aksie om monsters te neem, kom as 'n gerusstelling vir baie mense wat bekommerd is oor die toestand van die dam se water en die impak op omliggende gebiede.

Die bevindinge van die toetse bring 'n mate van gemoedsrus, maar dit word benadruk dat verdere ondersoek gedoen sal word. Daar is ook beplan om verdere monsters te neem om sodoende 'n volledige prentjie van die dam se toestand te kry.

Dit is belangrik vir gemeenskappe om bewus te wees van die gesondheid van hul omgewing en om gereeld toetse en ondersoeke te doen om die waterkwaliteit en algemene gesondheid van die area te monitor.








# Kop-aan-kop botsing in Sasolburg distrik: Twee beseerdes



Heilbron-brandweer is Woensdagoggend uitgeroep na 'n kop-aan-kop botsing wat in die Sasolburg-distrik tussen twee vragmotors plaasgevind het. Twee persone is tydens die ongeluk beseer waarvan een na die Vaalpark-hospitaal geneem is, terwyl die ander een na die Heilbron-hospitaal vervoer is. Die voorval het omstreeks 1 uur Woensdagoggend plaasgevind. Die Heilbron-brandweer is uitgeroep om verkeerbeheer toe te pas, veral met die toename in verkeer vir die langnaweek. Motoriste word ernstig aangemaan om versigtig te wees op die paaie tydens die paasfees en alle veiligheidsmaatreëls te volg om verdere ongelukke te voorkom.





# Jong mans help slaggate vul

Met die swak toestand van die strate in Heilbron wat al hoe slegter word, het drie jong manne besluit om nie te kla nie, maar eerder om op te tree. Hulle het die inisiatief geneem om die strate self te verbeter, en dit nie net vir die gemeenskap nie, maar ook vir 'n klein inkomste.

Die manne het begin deur die verslete strate te inspekteer en die grootste slaggate te identifiseer. Met 'n emmer grys en 'n wil om te werk, het hulle begin om die gate te vul en die pad oppervlak meer rybaar te maak. Hierdie eenvoudige, maar doeltreffende metode het reeds gehelp om die strate veiliger te maak vir almal wat dit gebruik.

Maar dit is nie net die werk nie - dit is hulle positiewe houding wat werklik inspirerend is. Hulle doen dit nie net vir die geld nie, maar uit 'n opregte liefde vir hul gemeenskap en die veiligheid van die padgebruikers. In plaas daarvan om 'n groot fooi te vra, versoek hulle slegs 'n klein bydrae in hulle "tip blikkie" vir iets om te eet.

As jy dus deur Heilbron ry en jy merk die manne op waar hulle aan die werk is, gee gerus 'n klein bydrae, hulle maak 'n groot verskil. Jou waardering en ondersteuning gaan hulle sekerlik aanmoedig om voort te gaan met hierdie goeie werk.









# Konsep-begroting nou ter insae

Ngwathe se nuwe konsep-begroting gaan nie balanseer as Ngwathe se Raad gister die begrotingsvoorstelle vanaf sy munisipale tesourie aanvaar het nie. Burgemeester Victoria de Beer-Mthombeni sou dit gisteroggend, nadat Herald ter perse is, in die Raad ter tafel lê. Na bespreking en aanvaarding word dit aanstaande maand aan inwoners vir openbare deelname voorgelê. Die publiek het dan geleentheid om kommentaar te lewer en wysigings aan te beveel. Volgens munisipale wetgewing moet die Raad dit finaal goedkeur voor of op 31 Mei.

Die voorstelle is dat dienstariewe met 4,9% styg, met uitsondering van water en krag, wat heelwat meer mag styg as gevolg van groter verhogings in die grootmaatpryse vanaf die Randse Waterraad en Eskom.

Rdl Arnold Schoonwinkel, die DA-koukus se segsman oor munisipale geldsake, sê hy verwelkom dit dat die konsepsyfers vanjaar gebaseer word op die werklike kontantontvangste, en nie op invorderbare bedrae soos in die verlede nie. Hy sê DA-raadslede vra lank reeds daarvoor. "Dit beteken nou verwagte inkomste word nie weer, soos in vorige jare, grootliks oorskat nie."


Hy waarsku dat die munisipaliteit se geldsake steeds versleg. "Inkomste uit alle bronne gaan daal, sommige (soos uit water- en kragverkope) sommer skerp." Dit laat die munisipaliteit weer met 'n begrotingstekort, wat streng gesproke wetlik ontoelaatbaar is. Hy sê Ngwathe sal dringend sy inkomste moet verhoog uit ongebruikte bates (soos Heilbron se Eeufeesterrein), en terselfdertyd ook die invorderingskoers van rekeninge moet verbeter. Hy sê dis tans maar rondom 40 %, "onder meer as gevolg van wydverspreide kragdiefstal en wanbetaling." Om dit reg te kry sal Ngwathe sy finansiële Herstelplan moet hernuwe en met mening toepas. DA-raadslede, asook die Vryheidsfront Plus se Rdl Phillip van der Merwe van Heilbron, het onlangs herhaaldelik daarop aangedring. "Die meerderheidsparty maak beloftes daaroor, maar intussen vergaar die Herstelplan stof," aldus Rdl Van der Merwe.

# Nuwe beheerliggaam vir JA Malherbe Primêre skool

JA Malherbe Primêre Skool is trots om hul nuwe beheerliggaam vir die tydperk 2024-2027 aan die gemeenskap bekend te stel. Hierdie beheerliggaam verteenwoordig die skool se toewyding tot uitnemendheid en groei in die opvoeding van die jeug. Die skool en die gemeenskap van Petrus Steyn wens die volgende lede van die beheerliggaam sterkte toe en glo in hulle vermoë om hul pligte met toewyding te vervul:

- Mnr. Bokkie Bosman (Hoof)
- Mev. Jalet Rautenbach (Nie-onderwyser verteenwoordiger)
- Mev. Hester Benade (Personeelverteenwoordiger)
- Mnr. Izak Bosman
- Mnr. Pieter Meiring
- Mnr. GF van der Westhuizen
- Mev. Rene van Jaarsveldt

Die nuwe beheerliggaam bring 'n wye verskeidenheid van ervaring en kundigheid na die tafel, wat sal bydra tot die voortdurende sukses van JA Malherbe Primêre Skool. Almal is vol vertroue dat hierdie beheerliggaam die beste belang van die skool en sy leerders op die hart sal dra terwyl hulle die pad na akademiese en persoonlike groei aanpak.


*Pieter Meiring*


*Rene van Jaarsveldt*


*GF van der Westhuizen*


*Izak Bosman*

# SANBS ontvang 55 eenhede bloed

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddienste (SANBS) het 'n dringende oproep aan die inwoners van Heilbron gerig om tydens die Paasnaweek bloed te skenk. Enige persoon tussen die ouderdom van 16 en 75 jaar wat meer as 50 kg weeg, was welkom om bloed te skenk. Die SANBS is verheug om aan te kondig dat die gemeenskap met oop harte gereageer het, met 'n indrukwekkende opbrengs van 55 eenhede bloed wat by die Heilbron-donasiestasie ontvang is. Dit het ook 13 nuwe skenkers ingesluit, wat 'n groot bydrae is tot die voortdurende behoefte aan bloedvoorraad vir mediese behandeling en noodgevalle. Die SANBS is dankbaar vir elke skenker en hoop elkeen by die volgende geleentheid te sien.









## HERALD OFFICE NATIONAL WINKELURE




**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 - 17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

# HERALD Sport




# Jackie wen uitkloprondte

Verlede Saterdag was gewone spel, maar met 'n kinkel om die dag meer opwindend te maak. Die tweede nege het die spelers uitkloprondtes gespeel tot waar daar slegs een wenner oor bly. 'n Duursame geskenk was op die spel wat gewen was deur Jackie Leonard en die naaswenner was Pieter van Staden. Pieter was kort op Jackie se hakke en het op die laaste putjie uitgeval. Eben Stander was in die derde plek en het ook baie goed gespeel.




*Foto van links: Pieter van Staden (naaswenner), Adriaan Smit (president), Jackie Leonard (wenner)*

# Soccer trails success

*• Coach of Fighters & Hyper Academy Goshi "Ta-Gosh" Motsamai*

On the 23rd of March Kathorus Hyper Academy had trials in Heilbron for kids to join the competitive GDL League 2024 to follow the other 12 kids who are already there from Heilbron.

We had successful trials of 33 kids who participated; 13 of them were selected to join Hyper for second term of school reopening on the 3rd of April 2024.

We kindly wish them a successful year, both academically and showing their talents in soccer.

I also like to thank parents who supported their kids during trials and management of Young Fighters Academy, more especially President of "Young Fighters Academy", Mr D Motaung and the Chairman of "Kathorus Hyper Academy", Mr Nathi Zwane and Coaches to develop and show the talents of Kids.

Assistant Captain of Under 13 Ponti "Shot Gun" Olifant attacking middle filter super sub who scored the goal when they were lost 4-1 against Mamelodi Sundown's on the 21st March & Kananelo "Bothergate" Buang who plays under 13 centers back from Heilbron, who joined the Kathorus Hyper Academy this year January. They were here for school holidays from Hyper Academy. Hopefully other kids in Heilbron like to join them.

Over more we would like to thank Heilbron Herald for support and publish the good things we are doing to help and prevent our kids from stealing, drugs abuse and streets. We also like to thank our MMC Chancellor ward 2 Mr Mmotenyane Papa Serati for the support he gives to the kids both academically and Sports.






# Verteenwoordig NFS



RJ Muller is vir die derde agtereenvolgende jaar tot die NFS span verkies. Vanjaar het hy NFS B O/25 span verteenwoordig wat vanaf Vrydag 23 Maart 2024 in Bloemfontein deelgeneem het aan die Interdistrikte.

SULIMATED COFFEE MUGS Special
Valid until 30 April 2024
R80 EX VAT per unit
R140 EX VAT when you take two
Add your own design!
Heilbron Herald
heraldgraphics2@heilbron.co.za
058 852 3033 | 44 Elsstreet, Heilbron



## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 9:00 |
| 18 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 9:00 |
| 8 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
DINSDAG - 2 APRIL 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
ARLINGTON Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
WOENSDAG - 3 APRIL 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
DONDERDAG - 4 APRIL 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VRYDAG - 5 APRIL 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za